

Taalbeleid van die Universiteit Stellenbosch

'n Konseptuele Raamwerk

Soos op 2 Junie 2006

1. Inleiding

Die Taalbeleid van die Universiteit Stellenbosch word bepaal deur die missiestelling van die Universiteit:

Die bestaansdoel van die Universiteit Stellenbosch is om in verbondenheid aan die universitêre ideaal van uitmuntende wetenskapsbeoefening 'n omgewing te skep en vol te hou waarbinne kennis ontdek, gedeel en tot voordeel van die gemeenskap aangewend kan word.

Die Taalbeleid neem verder Visie 2012, die visiestelling van die Universiteit, as vertrekpunt. Die visiestelling word vervat in die volgende vyf punte:

Die Universiteit Stellenbosch

- *Is 'n uitnemende akademiese instelling en gerespekteerde kennisvennoot*
- *Bou aan die wetenskaplike, tegnologiese en intellektuele kapasiteit van Afrika*
- *Is 'n aktiewe rolspeler in die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse samelewing*
- *Het 'n kampuskultuur wat 'n diversiteit van mense en idees verwelkom*
- *Bevorder Afrikaans as onderrig- en wetenskapstaal in 'n meertalige konteks*

In die beleidvormingsproses hou die Universiteit rekening met die onderlinge spanning tussen bg. visiestellings.

Een aspek van die diversiteit van ons samelewing is dat 'n verskeidenheid tale daarin funksioneer. Die verlening van amptelike status in die Grondwet aan elf verskillende tale kom daarop neer dat elkeen van hierdie tale as bate erken word wat aangewend word om die land se menslike potensiaal te help ontwikkel. Ten einde die menslike potensiaal van die land na behore te ontsluit, moet hierdie belangrike persoonlike, professionele en sosiale bate op kollektiewe grondslag deur die Suid-Afrikaanse tersiêre onderwyssektor ontgin word.

Die Universiteit lewer teen hierdie agtergrond 'n bydrae tot die ontwikkeling van Afrikaans as onderrig- en wetenskapstaal, maar neem daarmee saam die multikulturele en meertalige Suid-Afrikaanse werklikheid in ag deur, naas die besondere fokus op Afrikaans, ook rekening te hou met Engels en isiXhosa.

2. Waardes en beginselstandpunte

2.1 Waardes

Die waardes wat die US probeer bevorder, en wat haar aktiwiteite en standpunte rig, is billikheid, deelnemendheid, deursigtigheid, diensbaarheid, verdraagsaamheid en onderlinge respek, toewyding, wetenskaplikheid, verantwoordelikheid en akademiese vryheid.

In die uitlewing van hierdie waardes neem ons deeglik kennis van die groter konteks waarin die Universiteit moet funksioneer ('n konteks wat ook die Regering se rol in taalbeleidsvorming insluit¹) en erken en respekteer ons o.a. die waardes en uitgangspunte wat vervat is in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika.

Die volgende besondere waardes, ideale en uitgangspunte² behoort, in samehang met die algemene waardes wat hierbo geïdentifiseer is, in berekening gebring te word in die formulering, bestuur en uitvoering van die Taalbeleid:

1. **Akadiese vryheid:** Die US is primêr 'n akademiese instelling en die taalbeleid aan die US dien daarom primêr 'n akademiese doel. Hierdie waarde verwys daarom na die erkenning van die reg van die US om, in die lig van haar eie waardes en belange, *selfstandig* en *op verantwoordbare wyse* 'n taalbeleid te formuleer, te implementeer en verder te bestuur.
2. **Deelnemendheid:** Die erkenning van die reg van alle lede van die Stellenbosse universiteitsgemeenskap wat daarby belang het om inspraak te hê oor taalaangeleenthede. Hierdie gemeenskap is in die eerste plek al die huidige studente en personeel van die US, maar dit sluit ook oud-studente en donateurs van die US, en al die instellings en individue in wat op een of ander wyse belang het of baat vind by die werk wat deur die US gedoen word.
3. **Die erkenning van die Afrikaanse taal as besondere, dog kwesbare kulturele waarde,** en 'n **verbintenis tot die bevordering van Afrikaans** as akademiese taal binne 'n meertalige konteks. Dit behoort aan die US te geskied op 'n wyse wat:
 - sensitief is vir die geskiedenis van taalbeleid in Suid-Afrika
 - vriende vir Afrikaans probeer maak
 - Afrikaans erken en uitbou as die besit van *al* haar sprekers en lesers

¹ Die verwysing na die Regering (en veral die Departement van Nasionale Opvoeding) het veral betrekking op die voorskrif wat bepaal dat alle Suid-Afrikaanse universiteite 'n taalbeleid moet hê wat in lyn is met riglyne vir taalbeleid op tersiêre vlak.

² Hoewel die waardes nie baie streng in voorkeurorde vermeld word nie, verteenwoordig die volgorde van vermelding breedweg die voorkeure wat tans in die Taakgroep aanvaar word.

4. **Die erkenning van Afrikaans as nasionale bate**, as illustrasie van die ontwikkelbaarheid van 'n minderheidstaal in die omgewing van 'n wêreldtaal.
5. **Die erkenning van meertaligheid as 'n bate**.
6. **Optimale kommunikasie**: Die US se bestaansdoel is wetenskapsbeoefening. Taal dien hierdie doel, nie andersom nie. Wat 'n taalbeleid probeer fasiliteer, is optimale kommunikasie om die wetenskap so goed moontlik te kan bedryf.
7. **Optimale leer en onderrig**. Die US se taalbeleid moet optimale leer en onderrig help fasiliteer.
8. **Respek vir taal- en kultuurverskille**, en 'n **verbintenis** daartoe dat mense wat linguïsties en kultureel van mekaar verskil, by mekaar sal **leer** eerder as om toe te laat dat stereotipes versterk word.
9. **Integriteit in die toepassing van die taalbeleid**. Dat ons 'n beleid wil hê wat met integriteit toegepas word, impliseer dat:
 - lede van die universiteitsgemeenskap sover moontlik die beleid moet aanvaar en toepas
 - meganismes beskikbaar sal wees om die toepassing van die beleid te monitor
 - prosedures vir die ontvangs en hantering van klagtes oor taal in onderrig, bestuur en administrasie in plek sal wees

2.2 Beginselstandpunte

Die Taalbeleid van die Universiteit word uitgevoer met inagneming van die volgende belangrike beginselstandpunte:

1. Die Universiteit is 'n sentrum van uitnemendheid wat streef na die effektiewe produksie van kennis deur navorsing, leer en onderrig.
2. Die Universiteit erken en respekteer die kernwaardes wat in die Suid-Afrikaanse Grondwet vervat word.
3. Die Universiteit hou rekening met strategiese nasionale beleid en beleidvormingsprosesse.
4. Die Taalbeleid neem die waardes en uitgangspunte wat in die Strategiese Raamwerk van die Universiteit beskryf word in ag.
5. Die Universiteit erken die besondere status van Afrikaans as 'n akademiese taal en aanvaar die verantwoordelikheid om Afrikaans as akademiese taal te bevorder.
6. Die Universiteit erken die status van Engels as belangrike plaaslike, maar ook as erkende internasionale akademiese taal.
7. Die Universiteit erken die status van isiXhosa as belangrike plaaslike, maar ook as ontluikende akademiese taal en wil, binne die perke van wat doenlik is, aktief meewerk aan die ontwikkeling daarvan.
8. Die Taalbeleid neem die diversiteitsdoelwitte van die Universiteit in ag.
9. Die Taalbeleid posisioneer die Universiteit om 'n besondere bydrae te lewer ter bevordering van meertaligheid as 'n bate.
10. Die Universiteit aanvaar die beginsel dat die sukses van die Taalbeleid direk afhanklik sal wees van die daarstelling van gepaste en voldoende monitering, assessering en ondersteuning. Laasgenoemde sluit onder andere taalvaardigheidsontwikkeling en voldoende taaldienste in.

11. 'n Taalbeleid behoort studente voor te berei vir 'n multikulturele samelewing en mag nie in die weg te staan van 'n vormende multikulturele ervaring nie.

3. Bepalings van die Taalbeleid

Die Taalbeleid van die Universiteit Stellenbosch word in die volgende bepalinge saamgevat:

Oorhoofse bepalinge:

1. Die Universiteit Stellenbosch onderskryf die beginsel dat die Universiteit se taalbeleid in die eerste plek die beste belang van haar personeel en studente moet dien. Daarom aanvaar die Universiteit die verantwoordelikheid vir die ontwikkeling van die kommunikasie- en taalvaardighede van haar personeel en studente ten aansien van Afrikaans, Engels en isiXhosa.
2. Die US se onderrig-, bestuurs- en administratiewe taal is oorwegend Afrikaans.
3. Die taalbeleid word bepaal met inagneming van die eise wat in besondere omgewings geld (bv. bestuur, fakulteite, sentra, steundienste).

Besondere bepalinge:

1. Die gebruik van Afrikaans as leer- en onderrigtaal word sonder enige motivering toegelaat in voorgraadse modules .
2. Engels word soos en waar dit gerade geag word en met gepaardgaande deeglike motivering as voorgraadse leer- en onderrigtaal gebruik.
3. Die taal van nagraadse leer en onderrig word bepaal deur die betrokke onderrigomgewings.
4. Die bestuurs- en administratiewe tale van die US is Afrikaans en Engels, waar redelik en doenlik.
5. Studente se akademiese geletterdheid in Afrikaans en Engels word stelselmatig ontwikkel.
6. Vir isiXhosa word in bepaalde programme voorsiening gemaak met die oog op beroepskommunikasie.
7. Die Universiteit bevorder isiXhosa as onderrig- en wetenskapstaal binne die raamwerk van wat redelik en doenlik is.
8. Die Universiteit voorsien taaldienste ten aansien van Afrikaans, Engels en, in bepaalde opsigte, isiXhosa.

4. Taalbeleidsvorming as dinamiese proses

Die Universiteit Stellenbosch neem in ag dat taalbeleidsvorming 'n dinamiese proses is. Daarom onderneem die Universiteit om die Taalbeleid voortdurend te toets aan die veranderende omstandighede

- deur navorsing te doen oor die implementering, die toepassing en die monitering van die Taalbeleid,
- deur gereeld met die breë universiteitsgemeenskap oorleg te pleeg,
- deur inligting wat uit hierdie navorsing en oorlegpleging voortspruit te verwerk en bekend te maak, en

- die Taalbeleid na bevind van sake te hersien, soos bepaal in <afdeling>.

5. Taalplan

(Word op die oomblik deur die Taakgroep uitgewerk. Voorstelle volg later.)